Donderdag **12 Desember**

**Skrifgedeelte:Johannes 15:1-8**

**Fokusgedeelte: Johannes 15:1, 2**

**Ons word gesnoei om te kan groei!**

Wanneer ’n mens deur ’n wynlandgoed stap waar die wingerde gesnoei word, dan bloei jou hart vir daardie wingerdstok. Dit lyk of die wingerdstok aangeval word en dat daar niks van hom gaan oorbly nie. Vir iemand wat niks weet van snoei af nie, lyk daardie snoeiproses sinneloos. Daardie arme wingerd bloei op honderde plekke, maar ’n bekwame snoeier weet baie goed watter dele ’n nadeel is om te hou en wat ’n voordeel is om eerder af te sny.

Nou, wanneer ons na beproewings en slegte omstandighede kyk, dan voel ons dieselfde. Ons kan nie die nut daarvan sien dat ons nie byvoorbeeld ook deel kan wees van die leerlingraad of eerste span of akademiese sterkes nie. Ons verstaan nie hoekom dit nou nodig was dat ons geliefde moet sterf nie. Ons verstaan baie dinge nie, en daarom sê Jesus vir ons hier dat ons nie die beginsels van snoei verstaan nie. Snoei is belangrik vir gelowiges om in ’n sondige en ontaarde wêreld vrug te kan dra.

Die begin van ontaarding sien ons by Adam en Eva. God het hulle gemaak om ewig in sy teenwoordigheid te leef. Al wat Hy van hulle geëis het, was gehoorsaamheid en die mens het gekies om hulle eie koppe te volg. Die gevolg van die sondeval is dat die mens uit die tuin en buite die teenwoordigheid van God moet leef. Dis waar siekte en vervolging en honger en naaktheid vandaan kom. Ons is nie meer waardig om in God se teenwoordigheid te wees nie.

Maar in Christus skenk God aan ons sy genade. Jesus het die straf wat ons verdien in ons plek gedra. Hoor hoe beskryf Jesaja dit: *“Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk”* (Jes. 53:8).

Jesus is in ons plek afgesny van God, sodat ons net teruggesnoei hoef te word. Dit beteken nie dat daar nie meer moeilike omstandighede oor ons pad sal kom nie, want ons is steeds in hierdie sondige wêreld. Wat dit wel beteken, is dat terwyl ons ’n loot is wat aan Christus vas is, sal selfs die slegste omstandighede daartoe bydra dat ons net beter groei en meer vrug dra.

En dis die wonderlike! Die snoeiskêr (moeilike omstandighede) kom af op almal, vir sommiges lei dit daartoe dat hulle harde, siniese en moeilike mense word en op die einde loop dit uit op die dood. Hulle word afgesny van die enigste bron van lewe. Maar terwyl ons in Christus is, sal dieselfde slegte omstandighede wat oor ons en ander se lewenspad kom daartoe lei dat ons sagte, wyse en nederige mense word wat vol liefde is, want ons word gevoed met die genade en liefde van Christus.

Wanneer ons so staande bly deur beproewings, dan word daardie vrugtevolle geloof ’n diep getuienis daarvan dat ons in Christus vas is.

*Sing: Psalm 31-1:1-3*

*Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)*